STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 57 - 2020 • EDITION 57- 2020

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

***Droom Stap***
***Wat 'n lekkerte en 'n voorreg was dit vir my om saam met die eerstejaarstudente deel te neem aan die verwelkomingseremonie, die Droom Stap of "Dream Walk". Al die nuwe studente en fakulteitsverteenwoordigers van die Universiteit stap vanaf die Danie Craven-stadion deur die kampus en eindig dan in Victoriastraat. Die eerstejaars kry kaartjies waarop hulle hul drome en wense vir hul tyd as studente neer kan skryf. Dit word dan vasgemaak aan die bome in Victoriastraat. Die is die tweede jaar wat die seremonie plaasvind en dit is vir my so spesiaal om hieraan te kan deelneem.***

**Oesfees Parade**

Die jaarlikse Oesfees Parade was weereens 'n wonderlike hoogtepunt. Ons landbou gemeenskap is so spesiaal en dit is vir my 'n absolute vreugde om te sien hoe almal die fees geniet. Die fees raak elke jaar 'n bietjie groter, met meer mense wat deelneem en meer mense wat na die parade kom kyk. Hier was selfs mense van Vishoek wat spesiaal gekom het net vir die parade en na die tyd gesê het hoe baie hulle die geleentheid geniet het. Elke jaar word die plaas met die beste gees en beste vlot uitgewys en hierdie jaar het ek twee wisseltrofees geskenk vir die geleentheid. L'avenir het gewen vir die beste gees en Delheim het die prys gevat vir beste vlot.

Dear Residents,

***Dream Walk***
***What a pleasure and a privilege it was for me to take part in the annual Dream Walk welcoming ceremony for the first year students . All the new students and faculty representatives from the University walk from the Danie Craven Stadium through campus, ending off in Victoria Street. The first year students get cards on which they can write down their dreams and aspirations for their time as students in Stellenbosch. These cards are then tied to the trees in Victoria Street. It is the second year that this ceremony has taken place and it was very special for me to take part in it again.***

**Harvest Parade**
The annual Harvest Parade was a very special highlight right at the start of the year. Our agricultural community is very special to me and it is an absolute pleasure to see how much everyone enjoys these festivities. The festival grows every year with more and more people participating as well as more people attending the celebrations. We even had a few visitors from Fish Hoek who came through especially for the parade and mentioned to me afterwards how much they enjoyed the event. Every year, two awards are handed out - a Spirit Award and a Best Float Award. This year I donated two trophies that will be used for this event in future. L'avenir won the award for the best spirit and Delheim won the award for the best



Adv. Gesie van Deventer
*UitvoerendeBurgemeester/*
*Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**SPAAR WATER**
**SAVE WATER**

Beurtkrag Bl 2/ Load shedding Pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY SSI INITIATIVE

Baie geluk!

**Beurtkrag**

Beurtkrag is vir eers hier om te bly. Ek kan u verseker, dit is net so frustreerend vir my as wat dit vir u is. Ons kry baie inwoners wat kla oor die skedule en ontevrede is met die tye wat hulle krag aan en af gaan. U moet tog onthou, die skedule word deur ESKOM bepaal en nie deur die munisipaliteit nie. Ons het dus geen beheer oor wanneer u krag aan en af sal gaan nie. Daarom is beplanning vir ongerieflike ure belangrik. Om te help met beplanning het ons die skedule wat ESKOM aan ons verskaf het op die webblad gelaai.

Die munisipale streek is in drie dele of blokke gedeel. ***Blok 2 is*** Stellenbosch Sentraal, Stellenbosch Universiteit, Idasvallei, Stellenbosch middedorp en die omliggende areas. ***Blok 8 is*** Cloetesville, De Zalze, Franschhoek, Jamestown, Raithby, Koelenhof, Kylemore, Kayamandi, La Motte, Lanquedoc en Pniel. ***Blok 16 is*** Klapmuts, Bloekombos en Muldersvlei. Gaan na ons webblad om die skedule af te laai en te sien watter tye u moontlik geaffekteer sal word : *https://www.stellenbosch.gov.za/news/latest/490-eskom-load-shedding-schedule.*

**Wenke vir Beurtkrag**

Om die ontwrigting van beurtkrag te probeer beperk en/of te voorkom wil ek elke inwoner aanmoedig om sy uiterste bes te doen om krag te spaar waar moontlik. Daar is verskeie maklike wenke wat u kan volg om elektrisiteit te spaar:

Sit onnodige ligte in die huis af, en vervang alle gloeilampies met energiedoeltreffende gloeilampies; sit alle elektroniese toestelle af by die muurprop wanneer dit nie gebruik word nie. Toestelle wat op bystand geplaas word gebruik steeds elektrisiteit; Sit alle muurproppe af, selfs die wat leeg is; sit warmwatersilinders af, veral gedurende spitstye – warmwatersilinders kan tot 50% van 'n huishouding se elektrisiteit bydra. Deur die silinder net aan te sit vir 'n uur of twee op 'n dag, spaar baie elektrisiteit en spaar u geld! Gebruik water spaarsamig, deur u waterverbruik te beperk, word die reservoirs stadiger leeg en gebruik die waterpompe minder krag om die reservoirs weer vol te maak. ESKOM het in die media aangedui dat beurtkrag ten minste die volgende 18 maande nog met ons gaan wees. Deur elektrisiteit te spaar, kan ons die gereeldheid en ook die fases van beurtkrag beperk en dit so minder ontwrigtend maak vir ons almal.

Om die lewe met beurtkrag 'n bietjie makliker te maak beveel ek die volgende wenke aan: Kook water en gooi dit in 'n termosfles indien die krag die volgende oggend gaan af wees, dan kan u ten minste koffie of tee maak wanneer u opstaan. 'n Herlaaibare lamp of gaslamp kom baie handig te pas in die aand en mens kry selfs herlaaibare batterye wat u kan gebruik om selfone of ander elektroniese toestelle mee te herlaai tydens beurtkrag. Ek wil u egter maan om asseblief versigtig te wees met die gebruik van oop vlamme en kerse tydens beurtkrag,

float. Congratulations!

**Load shedding**

It seems that load shedding is here to stay for the time being. I can assure you that it is equally frustrating for me as it is for you. We often receive complaints from residents about the schedule who are unhappy with the times their electricity is switched off and on. Please remember that the schedule is determined by ESKOM and not by the municipality. We therefore have no control over when the power goes off. That is why it is important to plan for inconvenient timeslots. To assist with planning, we made the ESKOM schedule available on our website.

The entire municipal region is divided into blocks. Blok 2 includes Stellenbosch CBD, Stellenbosch University, Ida's Valley, Stellenbosch central and the surrounding areas. Block 8 includes Cloetesville, De Zalze, Franschhoek, Jamestown, Raithby, Koelenhof, Kylemore, Kayamandi, La Motte, Lanquedoc, Vlottenburg, Plankenburg and Pniel. Block 16 includes Klapmuts, Bloekombos and Muldersvlei. You can go to our website and download the schedule to see at what times load shedding can possible affect your area.

Go to https://www.stellenbosch.gov.za/news/latest/490-eskom-load-shedding-schedule and keep an eye on our social media platforms for regular updates.

**Tips for load shedding**

To limit load shedding and to limit the disruption of the power outages on our daily lives, I want to encourage every resident to save and reduce electricity where possible. There are several easy tips that you can incorporate into your daily routine to save electricity:

Switch off all unnecessary lights in the house and replace bulbs with energy saving bulbs where possible; switch off all electronic devices at the wall socket when it is not being used. Devices on standby still use electricity; Switch off all wall sockets, even when there are no devices are plugged in; turn off geysers, especially during peak times – geysers can contribute up to 50% of your household's electricity costs. By turning the geyser on for only an hour or two every day, you will save lots of electricity and money! Use water sparingly. By reducing your water consumption, our reservoirs stay fuller for longer and water pumps do not have to work as hard to keep reservoirs topped up. ESKOM indicated in the media that load shedding will be with us for at least the next 18 months. By saving electricity, we can mitigate the frequency as well as the severity of the load shedding phases and it make it less disruptive to all.

To make life with load shedding a little more bearable here are some easy survival tips: Boil water and store it in a

anders kan dit brande veroorsaak.

**Onwettige Storting**

Die afgelope tyd het ons 'n toename in klagtes gekry oor onwettige stortings wat regoor ons gebied plaas vind. Ons beskou onwettige stortings in 'n baie ernstige lig, ongeag of dit tuinvullis of rommel is. Ek wil 'n ernstige beroep doen op elke inwoner om onwettige storting aan te meld die oomblik wat u dit sien gebeur! Ons moet ongelukkig die skuldiges op heterdaad betrap, anders kan ons hulle nie vervolg nie. Daar is 'n boetestelsel in plek vir sulke oortreders, mits ons hulle kan vastrek. Indien u enige persone sien wat onwettig op enige oop spasie vullis of enige soort rommel stort, kontak ons wetstoepassingseenheid onmiddellik deur 021 808 8890 te skakel.

**Motorvoertuiglisensies**

Die Road Traffic Management Corporation, onder die bestuur van die Nasionale Departement van Vervoer, wat verantwoordelik is vir die uitstuur van kennisgewings om mense daaraan te herinner om hul voertuiglisensies te hernu het die Munisipaliteit in kennis gestel dat hulle geen kennisgewings deur die pos gaan uitstuur nie. Voertuigeienaars kan nou aanlyn registreer om kennisgewings te ontvang. Dit laat inwoners ook toe om elektronies aansoek te doen vir die voertuiglisensie. Vir meer inligting besoek gerus die volgende webskakel: https://www.stellenbosch.gov.za/documents/general/9047-natis-online-registration-guidelines-1/file. Die inligtingstuk verskaf stap vir stap inligting oor hoe u moet te werk gaan om op die NaTIS stelsel te gebruik.

Ek wil elke motoreienaar daaraan herinner om seker te maak van die vervaldatums van u motorlisensies. Moenie wag tot op die laaste om hierdie dokumente te hernu nie. Die hernuwingsprossesse vir al die dokumentasie vat ongelukkig tyd en ons verkeersdepartement is ook baie besig. Indien u dokumentasie verval het kan u reuse boetes in die gesig staar.

**Menseregtedag**

Maart is Menseregtemaand in Suid-Afrika en hierdie jaar herdenk ons 60 jaar sedert die protesoptogte teen die destydse Paswette op 21 Maart 1960. 96 mense is dood tydens die optogte en 'n verdere 180 is gewond. Hierdie dapper mense se opoffering het bygedra tot ons grondwet wat die hoeksteen van ons regte vorm. Ons moet dit altyd koester en nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons moet seker maak dat ons hierdie regte beskerm en eerbiedig om te verseker dat dit nooit van ons af weggeneem word nie. Ek nooi u uit om iets spesiaal te doen hierdie Menseregtedag saam met u gesin of vriende om hierdie regte te vier. Laat weet gerus hoe u dit gevier het.

**Konsepbegroting en GOP**

Aan die einde van Maart sal ek die konsepbegroting aan die Raad voorlê. Daarna sal die openbare deelname proses volg waar elke inwoner die geleentheid sal hê om insette te lewer

thermos if you are facing load shedding in the morning when you wake up. This way you can at least have a cup of coffee or tea. A rechargeable lamp or gas lamp is very useful in the evenings and you even get rechargeable battery packs that you can use to charge your devices during load shedding. I want to implore you to please be careful with the use of open flames and candles during load shedding, we do not want unnecessary fire risks.

**Illegal dumping**

We have noticed an increase in incidences of illegal dumping, happening across our entire region. We take illegal dumping very seriously, it doesn't matter if it is gardening rubbish or solid waste. I want to urge every resident to please report any instances of illegal dumping immediately! We have to catch the perpetrators in the act otherwise it is really difficult to prosecute them. We have a fine system in place for these perpetrators, if we can catch them. If you see any person that is illegally dumping any sort of waste on any public space, please contact our law enforcement unit immediately by phoning (021) 808 8890.

**Motor Vehicle Licences**

The Road Traffic Management Corporation, under the management of the National Department of Transport, is responsible for the issuing of notices that remind people to renew their motor vehicle licences. They have informed the municipality that notices will now longer be sent via the normal postal route. Motor vehicle owners can now register online to receive notices electronically. It will allow residents to apply for motor vehicle licences online. For more information please visit the following link: https://www.stellenbosch.gov.za/documents/general/9047-natis-online-registration-guidelines-1/file. This information booklet gives you step by step details on how you must go about using the NaTIS system. Every driver is reminded to make sure of when their motor vehicle license expires. Do not wait to the last minute to renew these documents. The renewal process for all these documentation takes time and our traffic department is also very busy. If your documents have expired, you may be faced with hefty fines.

**Human Rights Day**

March is Human Rights Month in South Africa and on 21 March we commemorate 60 years since the mass marches protesting against the Pass Laws of the time. 96 People died during the protests and 180 people were wounded. These brave people's sacrifice contributed to the development of our constitution which forms the cornerstone of our human rights. We must always take care of it and not accept it as a given. We must make sure that our rights are protected and adhered to so that we can ensure that it is never taken away from us. I invite you to do something special for Human Rights day with your family and friends to celebrate our rights. You are welcome to let me know how you are celebrating this day.

oor wat u graag wil hê moet gedoen word in ons dorpe. Dit is ‘n uiters belangrike deel van ons demokrasie en van ons beplanningsproses. Ons neem elke bydrae ernstig op. Neem asseblief deel aan die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vergaderings in u sê vir ons wat u as prioriteite beskou. Hou die plaaslike media as ook ons webblad (www.stellenbosch.gov.za) en sosiale media (Facebook en Twitter) dop vir datums, tye en plekke waar die vergaderings sal plaasvind.

Met die eerste kwartaal se einde in sig, is dit ook amper tyd vir die herfs! Ek sien beslis uit na die koeler weer en die herfskleure wat ons hele streek toevou. Ek hoop u geniet die laaste somer trekke!

Groete tot volgende keer!

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

**Draft Budget and IDP**

At the end of March, I will present Council with the Draft Budget for the new financial year. This will be followed by the public participation process where every resident will have the opportunity to provide us with feedback about what they want to see happen in our towns. This is an incredibly important part of our democracy and forms part of our planning process. We give serious consideration to every contribution. Please take part in the Integrated Development Plan public meetings and have your say about what you consider as a priority. The dates and times of the various meetings will be published in the local media, on our website (www.stellenbosch.gov.za) and on social media platforms (Facebook and Twitter) so please be on the lookout for these notices.

With the first term approaching its end, it is almost time for autumn. I am definitely looking forward to the cooler weather and the beautiful autumn colours that envelopes our entire valley. I hope you are enjoying the last of the summer days!

Until next time.

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*